Moedersdag

Benodigdhede vir laventel-badsout en roosmaryn-sout vir kos:

- ♥ Laventel of roosmaryn
- ♥ Growwe sout
- ♥ Chiffon of fyn net (omtrent 15cm X 15cm elk)
- ♥ Boodskappie op karton gedruk
- ♥ Lint

"Net soos sout aan kos geur gee,
gee Mamma geur aan my lewe."

WELKOM

Kinders moet hul maatjies groet. Kies tussend "hand-shake", "high-five" of "hug".

WYDING

Raak stil en rustig. Vat 'n oomblik om te dink aan die "mamma"-persoon in jou lewe. Dink aan hoe sy lyk, wat sy vir jou doen en hoe jy voel as jy by haar is.

WOORD

Daar was verskillende mammas in die Bybel. Nie twee van hierdie mammas was dieselfde nie. Hulle het anders gelyk, gepraat en op ander maniere na hulle kinders gekyk. Kom ons kyk na 'n paar van die mammas in die Bybel:

- ♥ Jakob het 'n baie goeie verhouding met sy ma gehad en hulle het alles met mekaar gedeel.
- ♥ Daar was die prinses wat Moses aangeneem het nadat sy hom in die water gekry het en hom groot gemaak het.
- ♥ Daar was die vrou wat Elia ingeneem het en haar laaste kos met hom gedeel het.
- ♥ Jesus se mamma was daar toe dit goed gegaan het met Hom, maar ook in die slegte tye.

Mammas lyk almal anders en uniek. Vandag dink ons spesiaal aan die "mamma"-mense in ons lewens.

WERSKAF

- ♦ Maak laventel-badsout of roosmaryn-sout vir kos.

Breek takkies roosmaryn of laventel af en meng dit met die growwe sout in 'n bakkie. Gooi 'n bietjie van die mengsel in 'n stukkie chiffon 90f net) en knoop dit vas met lint. Maak 'n gaatjie in die kaartjie met die boodskappie en strik dit saam vas.

Sluit af met die seënbede.